PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

PIETERSBURG

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **14 APRIL 2015**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Stephan du Plessis Tel. No. 084 491 1165 e-pos: duplessis.stephan@yahoo.com
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING
## STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>Rudi Myburgh heet almal teenwoordig welkom by die vergadering en versoek Danie Oosthuizen om die vergadering met `n gebed te open. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br><br>Rudi lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br><br>Dennis Traynor, Dries Roux, Basie Buitendach, Bertus Visagie, Pierre van Jaarsveld, Stephan Coetsee, Ben Bronkhorst, GS van Emmenis, EF Delport, DAC Delport. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br>1.5.1 Geen mosies is ingedien nie. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Korrespondensie word per e-pos aan lede aangestuur. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Rudi Myburgh lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 3 Maart 2015.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>Geen regstellings is genotuleer nie.<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Tinus Delport<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Willie Davel | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>2.1. Omsendbrief aan DFO's<br>2.2. Intervereniging Skietkompetisie | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Rudi rapporteer dat hulle besig is om vervoerbande op te sit om teikens teen vas te sit. Ledegelde is betaalbaar van 1 Maart af. Tans is die bedrag R200.00/jaar. Dit moet by Wessie betaal word.<br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Rudi rapporteer dat hy geen name van die kantoor af ontvang het nie. | Rudi<br>Debbie |
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br>1.10.1 Baanbeampte kursus<br>Rudi rapporteer dat `n datum nog nie gefinaliseer is nie. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. Lede wat diens doen kry afslag op hul ledegelde.<br>1.10.2 Chasa kursus<br>Rudi rapporteer dat `n kursus vir 25 April 2015 beplan word. Lede wat die kursus wil doen moet hulle name by Debbie opgee. Kostes | Rudi / Debbie<br>Debbie |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | beloop R400.00. | |
| | 1.10.3 Junior Opleiding<br><br>Kinders wat die kursus wil bywoon moet hulle name by Debbie opgee. Datums sal nog bevestig word. | Debbie |
| | 1.10.4 Herlaai kursus<br><br>Rudi rapporteer dat 18 lede die kursus bygewoon het en dat hy goeie terugvoer gehad het. Daar sal later in die jaar weer `n kursus aangebied word. | Rudi |
| | 1.10.5 Teleskoop kursus<br><br>Rudi rapporteer dat hy `n teleskoopkursus beplan. `n Sms in die verband sal aan lede gestuur word. Lede wat belang stel kan solank hulle name by Debbie opgee. | Rudi / Debbie |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters** | |
| | 1.11.1 Algemeen<br><br>Rudi versoek weer dat bewyse van jagte en ander aktiwiteite so gou moontlik na Debbie gestuur moet word vir registrasie. Lede moet ook seker maak hulle teken die registers tydens aktiwiteite. Ledegelde moet ook op datum wees. Die wet vereis dat `n persoon aaneenlopend lid moet wees, anders verval sy toegewyde jagter status. `n Lys van lede wat nie aan die vereistes voldoen word einde van November aan die SAPD gestuur. | Toegewydejagters |
| | 1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Rudi Myburgh rapporteer dat daar geen nuwe aansoeke die afgelope maand was nie. | Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report** | |
| | Ben Redelinghuys lewer die finansieële verslag. Die verslag word by die oorspronklike notule aangeheg. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social** | |
| | 1.13.1. Algemeen<br><br>Rudi nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| **1.14** | **Skietdae** | |
| | 1.14.1 Skietdag (Terugvoer) – 21 Maart 2015 | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Rudi rapporteer dat die dag goed bygewoon was. Dit was `n .22 posliga en Chasa 9 skoot kompetisie. Sowat 40 skuts het deelgeneem. | Rudi |
| | 1.14.2 Skietdag – 18 April 2015<br><br>Rudi rapporteer dat die kompetisie `n Chasa jaggeweer posliga kompetisie sal wees. Daar sal ook `n handwapen kompetisie wees. | Rudi |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | **Omsendbrief aan DFO's**<br><br>Rudi noem dat hy bewus geraak het van `n omsendbrief wat aan DFO's gestuur is. Volgens die omsendbrief aanvaar die SAPD in die toekoms slegs SETA sertifikate of sertifikate wat deur PFTC geakkrediteerde diensverskaffers uitgeryk is vir bevoegdheidsertifikaat aansoeke. Die probleem is egter dat die SETA bitter min sertifikate uitgeryk het. Lede moet dus nou terug gaan na hulle diensverskaffers en vra vir PFTC sertifikate. Die kos glo R500.00 per sertifikaat en daar word tot drie maande gewag vir so `n sertifikaat. | Almal |
| **2.2** | **Intervereniging Skietkompetisie**<br><br>Rudi rapporteer dat daar die jaar 59 spanne in Bloemfontein meegeding het in die Intervereniging Skietkompetisie. BJV het 5 spanne ingeskryf, waaronder `n junior-, vroue- en veteranespan. Asook `n BJV A- en B-span. Die BJV B-span was algeheel 10de en die A-span algeheel 12de. Die junior span was 3de in hulle afdeling, die vroue 4de in hulle afdeling en die veterane ook 3de in hulle afdeling. Rudi wens al die skuts geluk met hulle prestasies en noem dat die wenspanne uitsluitlik uit Springbok skuts bestaan het, wat BJV se prestasies nog indrukwekkinder maak. Rudi bedank ook al die borge. | Rudi |

## 3. ALGEMEEN<br>GENERAL

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Geen bespreking het plaasgevind nie. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende ledevergadering sal plaasvind op 5 Mei 2015 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes gedurende vergadering en nooi lede weer om te kom saam eet. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________

Sekretaris Datum

____________________ ____________________

Voorsitter Datum